Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

SEPTEMBER 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Opgeknapte crèche in Masakhane hou die belofte van "*goeie hoop*" vir kleuters in

By die amptelike opening van die opgeknapte Good Hope-vroeë kinderjare-ontwikkeling sentrum (VKO) in Masakhane in middel-Julie, is Overstrand se Uitvoerende Burgemeester getrakteer op 'n hartlike verwelkoming deur sowat 94 kleuters en twaalf begeesterde personeellede wat oorstelp is van vreugde omdat hulle nou 'n spesiale plek het waar die grondslag vir ontwikkeling in 'n kind se vroeë ontwikkelingsjare gelê kan word.

Tuli Martins van die Grootbosstigting kyk toe onderwyl Burgemeester Dudley Coetzee 'n stywe drukkie kry by twee van die kindertjies wat die amptelike opening van die Good Hope VKO-sentrum bygewoon het.

Die sentrum word gehuisves in die ou laerskool in Masakhane, 'n woonbuurt van Gansbaai, en kom al 'n lang pad sedert sy beskeie begin in 2013.

Destyds het 'n plaaslike inwoner, Lingiswa Nyandeni, die sentrum - wat sy "*Good Hope*" genoem het - in die agterstrate van Masakhane begin. Op daardie tydstip het Lingiswa 15 kleuters in haar eie informele huis versorg.

Nie té lank daarna nie het die gemeenskap, Munisipaliteit Overstrand, Flower Valley-bewaringstrust se vroeëkindontwikkeling-(VKO) program en die Wes-Kaapse departement van maatskaplike ontwikkeling besluit om handjie by te sit.

Saam met Lingiswa het hulle begin om werk te maak van kleuters in Masakhane se behoeftes sowel as die baie uitdagings waarvoor mens in die praktyk te staan kom, waaronder om aan die minimum standaarde vir gesondheid en veiligheid te voldoen en volhoubare toegang tot VKO van 'n hoë standaard in gemarginaliseerde landelike gebiede te bied.

Met verloop van tyd het addisionele ondersteuning van die munisipaliteit en die gemeenskap dit moontlik gemaak vir die Good Hope-sentrum om na die skoolgebou te verskuif. In 2017 het die sentrum verdere steun van I-Med Vision ('n organisasie sonder winsbejag) en die Grootbosstigting ontvang.

Verlede jaar het die maatskappy Aqunion wat die perlemoenboerdery in Gansbaai en Hermanus bedryf as 'n ondersteuner van jeugontwikkeling in die gebied, in die besonder VKO, besluit om ook handjie by te sit.

"Staan saam ter wille van gelykheid en regverdigheid"

Ten tyde van die amptelike opening van die opgeknapte sentrum, het Flower Valley se VKO-programbestuurder, Gabbi Cook, die opmerking gemaak dat Good Hope se storie terugdateer tot vóór daar selfs 'n Masakhane was.

"Hierdie is 'n gemeenskapsgebaseerde skool. Dit is die beloning op baie mense se harde werk en toewyding; dit is 'n vergestalting van welwillendheid en sorgsaamheid, maar dit is ook 'n vergestalting van die intrinsieke reg van kleuters tot die beste moontlike begin in die lewe," het Cook gesê.

KENNISGEWING

Uitnodiging vir kommentaar ten opsigte van bykomende hersienings van Munisipaliteit Overstrand se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015; Munisipaliteit Overstrand se soneringskema, 2013; die onderskeie oordekkingsones en die integrering van die soneringskaarte by Munisipaliteit Overstrand se hersiene grondgebruikskema (-regulasie), 2013.

Volledige besonderhede rakende die voorgestelde hersienings lê ter insae gedurende weeksdae tussen 08:00 en 16:30 by die stadsbeplanningsafdeling, Patersonstraat 16, Hermanus, die kantore van die areabestuurders in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond; alle openbare biblioteke in die Overstrand; die munisipaliteit se korporatiewe hoofkantoor in Hermanus sowel as op die amptelike webwerf http://www.overstrand.gov.za/en/documents/town-planning.

Let asseblief daarop dat die sluitingsdatum vir die kommentaartydperk in koerante geadverteer is en ook op die kennisgewings in alle openbare biblioteke verskyn.

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Burgemeesterstoekennings vir 2019

Kategorie 1: Uitblinkers

Kategorie 2: Vrou van die Jaar

Kategorie 3: Omgewingsbewaring

Kategorie 4: Uitblinkerentrepreneur

Kategorie 5: Toerisme-ontwikkeling

Kategorie 6: Junior Uitblinker

Die Burgemeester se Toekenningsaand sal gehou word op Donderdag 3 Oktober om 18:00 in Munisipaliteit Overstrand se ouditorium. Bywoning is slegs per uitnodiging

KENNISGEWING AAN ALLE GEBRUIKERS VAN KLEIN STOOMKETELS

Ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 2004 (Wet 39 van 2004), word daar van alle bedrywe/fasiliteite/instansies wat van klein stoomketels op hulle persele gebruik maak verwag om hierdie stoomketels by hul plaaslike munisipaliteit te registreer.

Klein stoomketels word gewoonlik op kamppersele gebruik om warm water vir ablusie- en opwasfasiliteite te voorsien. Hulle kan ook gebruik word om, byvoorbeeld, buitemuurse swembaddens te verhit.

Om nakoming van die wet se bepalings te verseker, word alle bedrywe/fasiliteite/instansies wat tans van klein stoomketels gebruik maak, versoek om reëlings met Overstrand se afdeling omgewingsbestuur te tref vir 'n inspeksie op hulle persele met die oog daarop om hierdie stoomketels te registreer.

Skakel die afdeling omgewingsbestuur by 028 313 8000 of 028 316 3724 om 'n afspraak te maak of e-pos paplon@overstrand.gov.za.

MINISTER BRING BESOEK AAN BEHUISINGSPROJEK IN HAWSTON

Onlangs het die nuutaangestelde LUR vir menslike nedersettings, Tertius Simmers, die moeite gedoen om persoonlik te kom kyk watter vordering daar gemaak word met die projek om behuising in die omstreke van Hawston te ontwikkel. Ten tyde van die inspeksie is hy vergesel deur Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, Overstrand se kiesafdelinghoof en speaker in die provinsiale wetgewer Masizole Mnqasela, raadslede en munisipale amptenare.

Die projek vir geïntegreerde residensiële ontwikkeling (IRDP) in Hawston word onderneem op 'n stuk grond wat aan die R43 grens en is 'n uitbreiding van die bestaande residensiële gebied wat sowat 13 hektaar gaan dek.

Hierdie projek wat R80,6 miljoen bedra (siviele werke beloop R25 983 993 en bostrukture R54 662 000) het in Junie 2017 'n aanvang geneem en as alles volgens plan verloop sal dit teen Desember 2020 afgehandel wees.

Van die 498 persele wat as deel van hierdie projek ontwikkel word, is 107 toegewys vir residensiële behuising wat óf kwalifiseer as bekostigbare behuising ingevolge die GAP-program óf die subsidie program wat aan individuele finansiering gekoppel word (FLISP), en 'n verdere 378 residensiële persele is toegewys om in die Breaking-new-ground- (BNG) mark se behoeftes te voorsien. Uit die oorblywende persele is twee vir sakedoeleindes gesoneer en die restant sal nege openbare ruimtes, paaie en 'n stormwater-retensiedam huisves.

Voltooiing van die projek is egter onderworpe daaraan dat die Wes-Kaapse departement van menslike nedersettings die fondse bewillig om verkeersligte by die kruising van George Viljoen-straat en die R43, 'n provinsiale pad, op te rig. Ten tyde van minister Simmers se besoek aan die konstruksieterrein het Dennis Hendriks, senior bestuurder: ingenieursdienste, daarop gewys dat hierdie projek in 2018 tot stilstand gedwing is omdat die hoofkontrakteur insolvent verklaar is en weens die betogings in die Overstrand-gebied.

Gevolglik kon siviele werke nie voortgaan nie en kon daar eers in Februarie 2019 begin word met die bou van bostrukture.

"Ons beplan om reeds so vroeg as November 2019 te begin om die voltooide behuisingseenhede in fases te oorhandig, maar tans is daardie oorhandiging onderworpe aan die provinsiale owerhede se bereidwilligheid om te verseker dat begunstigdes die besige R43 kan oorsteek sodat hulle geriewe soos crèches, skole, kerke en winkels veilig kan bereik," het Simmers gesê.

'n Aansoek om befondsing om die verkeersligte aan te bring, is by die provinsiale departement ingedien en goedkeuring is verleen, maar weens 'n gebrek aan befondsing sal die verkeersligte dalk nie aangebring word nie.

Sodra die verkeersligte by die kruising van George Viljoen-straat en die R43 aangebring is, sal die oorhandiging van die huise in fases geïmplementeer word:

In November 2019 sal 69 eenhede oorhandig word (fase 1); in Februarie 2020 sal 62 eenhede oorhandig word (fase 2); in Mei 2020 sal 'n verdere 68 eenhede oorhandig word (fase 3); in Augustus 2020 sal altesaam 75 eenhede oorhandig word (fase 4); in Oktober 2020 sal 'n verdere 57 eenhede oorhandig word (fase 5); en in Desember 2020 sal die laaste 47 eenhede oorhandig word (fase 6).

JONGSTE UITGAWE VAN BROSJURE OOR HERMANUS SE UNIEKE KUSWANDELPAD SIEN DIE LIG

Op Maandag 8 Julie 2019 kon selfs die dreigende wolke en koue, nat winterweer nie 'n demper plaas op die geesdrif van die *Cliff Path Management Group* se bekendstelling van die jongste uitgawe van die brosjure oor Hermanus se kuswandelpad nie.

Dié brosjure word opgedra aan David Beattie wat letterlik en figuurlik Hermanus se kuswandelpad onder die aandag van die wêreld gebring het.

Hierdie wandelpad wat oor sowat 12 km vanaf die Nuwe Hawe tot by Grotto strek, is een van die aanloklikhede wat Hermanus so uitsonderlik maak. Op die koop toe is die paadjie waar ook al moontlik aangepas sodat gestremdes, mense in rolstoele en kindertjies in stootwaentjies dit moeiteloos kan navigeer.

'n Groot verbetering in die bygewerkte weergawe van die brosjure is dat dit nou ook die oorsprong van die name van sekere punte langs die wandelpad beskryf, soos Tamatiebank, Kammabaai en Sieverspunt om maar net 'n paar te noem.

Onlangs het die Cliff Path Management Group 'n bygewerkte weergawe van die brosjure wat Hermanus se wandelpad beskryf die lig laat sien. Dié geleentheid is, onder andere, bygewoon deur (voor) Jane Beattie (die ontslape David Beattie se gade), Lizelle Hendricks, Anina Lee van Whale Coast Conservation en wyk 3 se raadslid Kari Brice. Agter staan Jennifer Beattie (ontslape David Beattie se dogter, Burgemeester Dudley Coetzee en Morgan Hendricks. Lizelle en Morgan is Whale Coast Conservation se jongste lede.

Ten tyde van die bekendstellingsgeleentheid het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee daarop gewys dat David iemand was wat inderwaarheid nie net sy lewe aan bewaring gewy het nie, maar ook om die skatte waarmee Overstrand so ryklik geseën is vir ander te ontsluit.

Sy oorhandiging van die eerste kopie van die nuwe wandelpadbrosjure aan David se weduwee, Jane, was 'n roerende oomblik. "Ek glo David sou hom in hierdie oomblik kon verlustig," het hy gesê.

In sy toespraak het die Burgemeester opgemerk dat inwoners se bereidwilligheid om sonder vergoeding hulle tyd en energie op te offer, hom al te dikwels sprakeloos laat. "Dit is die mense wat daaraan werk om seker te maak dat ons nalatenskap oor geslagte heen behoue bly - en dit is ook die mense wat sorg dat wie hulle ook al hierin wil verlustig, altyd toegang sal hê tot die skatte waarmee Overstrand so ryklik geseën is - waarvan die wandelpaadjie langs Hermanus se kus beslis nie gering geskat moet word nie.

"As plaaslike owerheid is Overstrand van voorneme om hom deurentyd daarvoor te beywer om die unieke biodiversiteit so eie aan hierdie deel van die kus te beskerm. Juis om daardie rede is dit ons plig om soveel as moontlik geleenthede vir bemagtiging en ekonomiese groei te ontsluit vir diegene wat Overstrand as hul tuiste beskou.

"Dit is glad nie 'n maklike takie nie, maar alle eer aan die hulp wat verleen word deur organisasies sonder winsbejag soos die Cliff Path Management Group wat dit hulle lewenstaak gemaak het om die kuswandelpad te bestuur en te bemark. Danksy julle, glo ek, het menige toeris al veilig hierdie paadjie kon bewandel en, wie weet, dalk was hulle beskore om te sien hoe 'n walvis spring, kon hulle die unieke roep van die tobi hoor, en kon hulle hul verlustig in die skouspel van 'n Planteryk wat geen gelyke in die wêreld het nie.

"Ek glo dat die wandelpad - so uitsonderlik uitgekerf tussen ruwe berge en 'n panoramiese uitsig oor Walker-baai - in die jare wat voorlê nog baie toeriste na ons dorpe gaan lok.

"Namens Munisipaliteit Overstrand, hartlike dank aan die Cliff Path Management Group vir jul volgehoue pogings om hierdie toerisme-aanloklikheid te bewaar en te bemark," het hy gesê.

"Op die koop toe," het die Burgemeester bygevoeg, "gaan hierdie brosjure plaaslike inwoners daaraan herinner dat hulle só bevoorreg is, hulle kan 'n stappie in die skadu van die Kleinriviersberg en met die uitgestrekte oseaan aan hulle voete aandurf wanneer hulle ook al daarna voel".

Vir meer inligting, rig 'n e-pos aan hermanuscliffpath@gmail.com.

THE PROBS

O·A·K overstrand arts • kunste

THE PROBS het in 2016 vir die eerste keer die verhoog betree. Dié trio bestaande uit swart Suid-Afrikaanse vroue wat tans aan Universiteit Kaapstad se Operaskool verbonde is, gaan op Sondag 6 Oktober om 15:30 'n uitvoering in Hermanus se burgersentrum lewer met Reuben Mbonamb as gaskunstenaar. Die program wat deur hierdie jong kunstenaars aangebied word, beloof om in alle musiekliefhebbers se smaak te val. *Skakel die toerismekantoor by 028 312 2629 om jou kaartjie teen R150 (R60 vir studente) te bespreek. Navrae kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.*